# <u>Drie broers pak Tankwa-Karoo op motorfietse</u>

VERWERK UIT: MAROELA MEDIA

https://maroelamedia.co.za/vermaak/televisie/drie-broers-pak-tankwa-karoo-op-motorfietse/



Drie broers, drie motorfietse, geen lisensies, een groot avontuur – welkom by *Die Broer Toer.*

Donderdag 10 September 21:00 kan kykers *(viewers)* inskakel *(tune in)* vir die heel eerste episode van *Die Broer Toer (The Brother Tour)* op kykNET (DStv-kanaal 144), met Bennie Fourie en sy twee broers.

Bennie is bekend *(famous)* as akteur *(actor)*, regisseur *(director)* en skrywer *(writer)*, maar hy en sy broers, Reynold en Wilbrie, is ook bekend vir hul legendariese avonture *(legendary adventures)*. Selfs *(Even)* met die eise *(demands)* wat die grootmenswêreld *(adult life)* stel *(set)* en hul verantwoordelikhede *(responsibilities)* wat hulle in teenoorgestelde *(opposite)* rigtings *(directions)* dryf *(force)*, vind hulle steeds tyd om saam avonture aan te pak *(take on)*.

"Ons hou van *remote* toer en kamp. Omtrent *(Approximately)* een keer 'n jaar onderneem *(take on)* ons saam 'n avontuur. Of dit nou is om Botswana in te vaar of op die Oranjerivier te gaan roei – ons hou daarvan *(like)* om 'anderste' *('different')* soort *(type)* vakansies *(holidays)* te hou," vertel Bennie.

Hoewel *(Even though)* hulle soos dag en nag verskil *(differ)*, is daar een ding wat hulle gemeen *(in common)* het – hulle sê nooit nee vir 'n uitdaging *(challenge)* nie. En met hul volgende *(next)* uitdaging *(challenge)* gaan hulle behoorlik *(properly)* getoets word, want hierdie keer *(this time)* doen hulle dinge anders *(differently)*. Gewoonlik *(Normally)* beplan Reynold en Wilbrie die avonture, maar hierdie keer gaan Bennie die avontuur beplan.

Vir die bekenstellingsepisode *(introductory episode)* van *Die Broer Toer* pak die drie broers die Tankwa-Karoo aan op motorfietse. Bennie maak seker *(ensures)* daar is heelwat *(plenty)* uitdagings *(challenges)* – kompetisie is al van kleins *(since childhood)* af 'n hoofbron *(main source)* van vermaak *(entertainment)* vir hulle, met die wenner wat beloon *(rewarded)* word en die verloorders *(losers)* wat beboet *(fined)* word. Die familietradisie is 'n groot deel *(big*

*part)* van hierdie avontuur – die pad is lank en die luukshede *(luxuries)* is min. So, wanneer dit kom by belonings *(rewards)*, is daar baie op die spel *(there is a lot at stake)*.

Kykers *(Viewers)* sal dadelik *(immediately)* van Bennie se twee broers, Reynold en Wilbrie, hou. “Reynold, ‘n dominee *(pastor)* soos ons pa, is verreweg *(for ever)* die lieflikste *(loveliest)*, *niceste* mens in die wêreld en *game* vir alles,”vertel Bennie. “Wilbrie is die stoutgat *(naughty one)* en ‘lewe’ van die partytjie. As hy sê ons moet ‘n opblaasbootjie *(inflatable boat)* koop en in die see sit, dan doen ons dit – hy sal ons nie uitlos *(leave alone)* as ons dit nie doen nie.

“Ons het besluit om die Tankwa aan te pak vir *Die Broer Toer*-bekendstellingsepisode sodat kykers ‘n idee kan kry van hoe ons avonture gewoonlik *(normally)* lyk. Indien dié episode suksesvol is, beoog *(planning to)* ons om ‘n selfs groter avontuur aan te pak,” sê Bennie.

Vir die broers is dit belangrik *(important)* om bymekaar te kom *(to get together)* en saam herinneringe *(memories)* te skep *(create)*.

“Ons wil vir mense wys *(show)* dat dit maklik *(easy)* en lekker *(nice)* is om sulke avonture aan te pak – dit hoef ook nie ‘n plaas te kos nie. Daar is ‘n lekker balans tussen stout *(naughty)* en snaaks *(funny)*, maar dit is ook familievriendelik – dis ‘n episode met hart wat hopelik *(hopefully)* kykers sal aanmoedig *(encourage)* om meer dinge saam *(together)* te doen.”

Skakel *(Tune in)* Donderdag 10 September 21:00 op kykNET (DStv-kanaal 144) in vir die eerste episode van *Die Broer Toer*.